NG Gemeente Hertzogville

14 - 27 Februarie 2016

Soek julle krag in die Here en in sy groot mag (Ef. 6 :10)
Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde (Ef. 4 : 2)

Verwelkoming:

Hartlik welkom aan elke lidmaat, nuwe intrekker en besoeker by die Eredienste. Almal is welkom te gaan tee drink in die kombuis agter die kerksaal.
21 Febr: Baie welkom aan ds Johan vd Westhuizen wat die Jeugdiens vir ons waarneem. Dit is altyd lekker om u hier te ontvang.

Verwelkoming:

Baie welkom aan Piet Jordaan, wie se lidmaatskap oorgekom het vanaf Klerksdorp.
Piet ons hoop dat jy gelukkig by ons sal wees.

Gebedsbediening:

Bid dat hierdie Lydenstyd die begin sal wees van geestelike vernuwing in die lewe van gelowiges en gemeentes.

Voorbidding:

Joey van Dyk
Louise Brand
Bokkie Kirton
Breggie Goosen
Bid vir reën



Lia Janse van Vuuren en ouers
Sanet de Koker
Ben de Wet
Kallie Kotze
Rudi vd Merwe

Al ons Senior Burgers wat siek, bejaard of verswak is en die mense wat na hulle omsien:
T Bessie Linde, O Hannes de Kock, T Tossie Conradie, Irene Olwagen (Jenny Bornman se suster); Lina Bornman; O Manie van Zyl, O Giep en T Miena Botha, O Casper en T Engela Maree, O Hannes en T Petro van Rensburg, O. Sarel en T Lente Bornman, T. Kotie Nel, O Kosie en T Sannie le Roux, T. Annette Roberts, O. Chris en T. Maria Serfontein, O Piet van Schalkwyk. Ons bid ook vir diegene wat na bogenoemde persone omsien.

Deurkollektes:

(SK = Verpligte Sinodale Kollektes)
(S = Spesiale Kollektes)

vandag	-	Teologiese Fakulteit
21 Febr	-	Nerina Tehuis
28 Febr	-	Gemeente Uitbreiding



Gemeentebediening:

1. **Wyksbyeenkomste:**
Die ouderling en/of Diaken reël vir 'n byeenkoms.
Elke wyk kan besluit op watter manier en hoe gereeld hulle dit wil doen.
Indien u wyk verkies dat ds Chris betrokke moet wees by die byeenkomste, kontak hom asb direk om 'n datum met hom vas te maak, aangesien die skriba nie vir ds Chris afsprake kan maak nie.

1.1 **Wyksbyeenkoms vir dorpswyke**: vandag om 16:00 in Kerksaal

1.2 **Inter-Wyksbyeenkoms tussen Wyke 6 & 13**: Donderdag 25 Febr om 18:30
by Kobus en Marié Linde op Kareespruit. Bring jou vleis en drinkgoed saam – ons gaan 'n braai hou na die biduur!

2. **Bybelstudie vir mans en dames:** Dinsdag 23 Febr 2016 om 9:00

3. **Mannegebed:** Woensdag 24 Febr 2016 om 7:00

4. **Basaar 2016: NEEM ASB KENNIS en TEKEN DIT OP JOU KALENDER AAN ASB!!!!**
Datum van die basaar skuif vanaf 27 April na 21 Mei (28ste en 29ste April is nou skole vakansiedae en mense gaan bietjie weg met vakansie)

5. **Diensverhoudinge:**

5.1 **Ds Chris verlof:** 20 – 21 Febr (2 dae)
Verlof geneem: 4 – Verlof beskikbaar: 43

5.2 **Aflos Predikant met Jeugdiens 21 Febr:** Ds Johan vd Westhuizen

5.3 **Ds Chris afnaweek 1ste kwartaal:** 11 – 13 Maart
Afnaweke geneem: 0 – Afnaweke beskikbaar: 4

5.4 **Orrelis verlof:** 4 – 6 Maart
Verlof geneem: 0 dae - Verlof beskikbaar: 21 dae

5.5 **Koster afnaweek**: 26 -28 Februarie
Afnaweke geneem: 0 - Afnaweke beskikbaar: 4

5.6 **Die kerkkantoor sal op die vlg datum gesluit wees:**
Wo 17 Febr: - Vroue Ringskonferensie te Bultfontein-Oos

Kerkraad

1. **Klagtes:** Indien u enige klagtes het, volg die regte prosedure en neem vrymoedigheid om met die vlg. persone te gesels:
   Jou wyk se Ouderling / Diaken **OF** die Leraar (ds Chris) **OF**
   die Leier Ouderling (Johan Groenewald) **OF**
   die Leier Diaken (Sarel Bornman)

Bediening vir Vrouelidmate:



TEMA VIR 2016: ***BRIEKLOOS VIR CHRISTUS***

Met die windpomp wat sê: *Staan op die water-aar JESUS CHRISTUS,*
(anders sal jy nie "LEWENDE WATER kan pomp nie).
Sorg dat jou "BRIEK" los is, anders sal die wind (Heilige Gees)
nie jou windpomp kan laat draai sodat jy JESUS se Lewende water
aan die wêreld kan verkondig en jou lewe van Hom kan spreek nie!

1. **Breekgoed:** die ouderling- en /of diakenvrouens Haal self die breekgoed uit, was op en pak terug. Sleutels is by skriba. Volledige instruksies is in jou leër.

2. **Blomme in kerk:**
2.1 **21 Febr met Jeugdiens:** Mariëtte en Benita Greeff
2.2 **28 Febr met Feesrediens:** Feeskomitee
2.3 **4 Maart met Wêreldbiddag vir Vroue & Mans**: Charlene Delport

3. **Tee-skink beurte Sondae na kerk:**
   Neem kennis dat koppies en glase reeds uitgepak is. Die koster skakel die ketel voor kerk reeds aan. In yskas is bekers met koue water, maak asb die sap net self aan en bêre die sap wat oorgebly het in die yskas asb. Melk word voorsien deur die diakensvrou.
3.1 **vandag** – Dames van wyk 6
3.2 **21 Febr** – Dames van wyk 7
3.3 **28 Febr** – Dames van Feeskomitee

4. **Wêreldbiddag vir Mans, Vroue en kinders** – Vrydag**: 4 Maart 2016**: om **10h00**
   Tema vir 2016: "Laat die kindertjies na My toe kom..."
   Ella Kotze van Bloemfontein kom lei die oggend met Woord en Sang – daarna tee en verversings in Kerksaal vir almal – dit gaan dan ook die amptelike openingsgeleentheid van ons Vrouediens wees

5. **Barmhartigheidsbediening**:
Klerebank: Klere is altyd welkom. Gee asb by Kerkkantoor of by Mara de Bruyn af.
Dankie vir al die skenkings wat ons ontvang het!
Ons is nog steeds opsoek na 'n netjies paar no 8 skoene vir 'n man. Indien iemand kan help, kontak vir Mara de Bruyn asb. Kontak Mara de Bruyn indien u klere benodig

6. **R20-KOLLEKTELYSTE:** word vandag reeds uitgegee en moet afgehandel wees **voor 19 April 2016.** Die OUDERLINGSVROUE neem die geld in haar wyk op. Die bydraes word aangewend om plaaslike nood te verlig. Plaas asb die Kollektelys met die name en die korrekte bedrag in die Vrouediensposbus in die Kerksaal.

7. **Ligstraaltjie-projek:**
Ons het 'n versoek van hospitale in Bloemfontein en Kimberley ontvang om vir **voorskoolse kankerpasiëntjies mussies en slaapkousies/sokkies** te brei, hekel of te maak. Die meeste pasiëntjies is sonder hare en die voetjies kry koud op die teëlvloere en wanneer hulle slaap.
Kan ons op julle staatmaak om ook hierdie projek met warm harte en hande te ondersteun? Ons benodig mussies en kousies vir al die voorskoolse ouderdomgroepe. **Gekoopte mussies en kousies is ook baie welkom**. Ons vra asb ook vir **ou of nuwe inkleurboeke en inkleurkryte/potlode** om die pasiëntjies mee besig te hou.
Skakel vir Breggie Goosen vir enige navrae.

8. **Vroue Retreat vir Hertzogville Vroue te Bloemhof:**
Datum: 26 – 28 Februarie 2016
Waar: Bloemhof
Kostes: R550
Navrae: Meryl Greeff (082 824 1318)

Jeug:

1. **JOG Klasse:** vanoggend direk na die Erediens
2. **Jeugdiens:** So 21 Febr – aangebied deur ds Johan vd Westhuizen
Ons as Jeug wil help om vir Huis Nerina skoonmaakmiddels bymekaar te maak.
Ons vra dat alle kinders iets sal saambring met die Jeugdiens.
Dit kan enige iets wees wat hulle kan gebruik, selfs 'n donasie is reg.
Plaas dit dan asb in die mandjies wat in die portale beskikbaar sal wees.
3. **Ons is opsoek na nog personeel om JOG klasse aan te bied.**
Daar is drie groepe Gr R – Gr 3, Gr 4 – Gr 7, Gr 8 – Gr 10, waarby u betrokke kan raak. Daar is reeds les materiaal en u sal ook opleiding ontvang in die toestelle wat gebruik word indien dit nodig is. Die klasse vind na kerk plaas en neem ongeveer 30min, u sal slegs 1 of 2 keer 'n maand aan diens wees. Kontak vir Hanri van der Walt by die vlg nommer indien u sou belangstel – 083 655 1989

Amandelhof

1. **D/S Biduur:** Woensdag 2 Maart om 10:00

Hou jou op hierdie datums:

1. **Agri Hzvl Arbeidsdag**: Di 16 Febr om 9:30
2. **Hzvl Feesverg:** Di 16 Febr om 18:00
3. **SA Jagters Intertak Skiet – President Skiet te Kroonstad:** Sat 20 Februarie
4. **VLU Konferensie te Bultfontein**: Di 23 Februarie
5. **Tekenklas**: Do 25 Febr om 9:00
6. **Hzvl Landboufees:** 10 – 12 Maart 2016

Hartlik geluk aan die lidmate wat in die vlg tydperk verjaar!

Verjaar	Noemnaam	Van
02/14	Hans	De Jager
02/14	Sonja	van Dyk
02/15	Morne	Kleynhans
02/16	Ben	De Klerk
02/16	Stephan	Van Der Watt
02/17	Ivann (Jnr)	Du Preez
02/19	Mari	Linde
02/19	Henrico	Nel
02/19	Corrie	Thuynsma
02/20	Bokkie	Kirton
02/20	James	Roberts
02/22	Clarisa	Greeff
02/23	Alrikus	Meintjes
02/24	Kobus	Bredenkamp
02/24	Hannes	Fouche
02/24	Leyla	Larrett
02/25	Dawie	Erwee (74ste)
02/25	Tracy	Van Den Berg
02/26	Frances	Bornman
02/26	Piet	Gouws
02/26	Charles	Malherbe
02/26	Chrisjan	Swanepoel
02/27	Esmarie	Fourie

Die vlg Nuusbrief verskyn op 28 Febr 2016